# Notule van SAVS Raadsvergadering, 16 April 2024, 18h00

| | |
|---|---|
| **1. Opening:** | SP Lourens open met gebed |
| **2. Verwelkoming:** | Herman Niemand verwelkom almal teenwoordig |
| **3. Presensie:** | |

Bestuur is teenwoordig as volg:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **President** | Herman Niemand | ✓ | **Haelgeweerjag Koördineerder** | Manie Pretorius | V |
| **Vise President** | Braam van der Vyfer | ✓ | **Opleiding** | Heinrich Wenhold | V |
| **Voorsitter** | Herman Niemand | ✓ | **Media** | Brenda Potgieter | V |
| **Vise Voorsitter** | SP Lourens | ✓ | **Web Koördineerder** | Phillip Viljoen | V |
| **Sekretaris** | Carmen Wenhold | ✓ | **Funksie Koördineerder** | Anca van Niekerk | V |
| **Tesourier** | Francois Wilbers | ✓ | **Ad-Hoc 1** | Sharon van der Vyfer | ✓ |
| **Baansport Koördineerder** | Johan de Beer | ✓ | **Ad-Hoc 2** | Tewie Wessels | V |
| **Geweerjag Koördineerder** | Nico van Wyk | ✓ | **Ad-Hoc 3** | | |

## Sake vir Plasing:

| | ITEM | BESPREKING | BESLUIT & AKSIE | KEERDATUM | VERANTWOORDELIK |
|---|---|---|---|---|---|
| 4 | **Tydfaktor van maand vergaderings van Raad:** | Daar is 'n voorstel gemaak deur Braam om in plaas van elke maand Raadsvergaderings te hou, dit eerder eenkeer elke tweede maand te hou. Dit is uiters belangrik om nie tydsgebonde te wees met die Raadsvergaderings nie. Dit moet nie in die week gehou word nie, eerder op Donderdae/Vrydae of Naweke wat almal sal pas. Meeste van die besluite en sake word reeds per Whatsapp Raadsgroep af gehandel wat dringend is. | Die Raad het die voorstel algemeen aanvaar. Daar sal met die vorige Raadsvergadering reeds min of meer bepaal word watter dag hul sal pas vir die volgende Raadsvergadering. | 2 maandeliks gekommuni-keer word | Raad |
| 5 | **Alle Haelgeweerjagte:** | Daar is 'n voorstel gemaak deur Manie Pretorius dat daar met klubskiete en kampioenskiete weg gedoen moet word. As daar wel klubskiete gereël word, moet dit nie tel vir punte nie. Hou kampioenskappe regdeur die jaar, almal wat wil skiet is welkom. Met die haelgeweerjagte moet dit gesien word as 'n opedag vir almal en die skut wat beste skiet word steeds as beste skut aan gewys op die dae. | Manie was afwesig om in diepte te verduidelik wat hy beoog vir die toekoms vir Haelgeweerjag Kampioenskappe. Dit sal met volgende vergadering verder bespreek word. | 2-4 Maande | Manie en Raad |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 6 | **Funksionering van Raad** | Herman het sy misnoeë uitgespreek oor die raad se verantwoordelikhede en dat hy eers iets moet sê voor iets werklik gebeur. Die kantoordames kan nie alles doen vir almal nie. Elkeen het hul eie verpligtinge wat nagekom moet word in 'n sekere tydsgleuf wat alles ook reeds gefinaliseer moet word. | Die pligtestate sal vir elke Raadslid deur gegee word met die spesifikasies en keertyd wat alles af gehandel moet word. As daar Klubvergaderings is, moet die betrokke Raadslid gereed wees om voor te kan staan en praat oor hul punt. Notules/Baanoffissiere moet reeds 14 dae voor die volgende vergadering gereed wees. Vise Voorsitter moet meer op die voorgrond wees om lede gewoond te maak aan hom/haar. | 14 dae na elke vergadering en 14 dae voor skietgeleent hede. | Raad |
| 7 | **Baansport Kampioenskappe:** | Die lyste met die kwalifiserende skuts moet deur gegee word na die raad toe sodat hulle uitnodigings deur gestuur kan word en getalle gefinaliseer kan word. | Die kantoordames moet in die komende week vir Johan die lys met kwalifiserende skuts deurgee sodat die uitnodigings uit gestuur kan word en getalle bepaal word. Pryse van inskrywings/verblyf is op die lys, motiveer om meer skuts te kry, dan sal die kostes goedkoper uitwerk. | 14 dae | Johan, Raad en Kantoor Dames |
| 8 | **Geweerjag Kampioenskappe:** | 4de Mei is die jaarlikse Geweerjag kampioenskappe. Nico en Herman gaan die finale punte uitsorteer en in kontak wees met die kwalifiserende skuts. | 15 Jagters het reeds bevestig dat hul gaan. 17 jagters + vrouens. Nico en Tewie sal beoordelaars wees. | 4 Mei 2024 | Tewie, Herman en Nico. |
| 9 | **Haelgeweerjag/Baan sport:** | Punt 9 en 11 is saam gevat. Baanoffissiere moet junior offissiere onder hul hê vir opleiding. Die groep offissiere moet onder mekaar besluit wie die maand hul plig sal doen en lys saamstel. | Daar moet tussen 5-10 Senior Baanoffissiere wees, met ten minste 2 junior offissiere onder hul om op te lei. Daar moet lyste op gestel word onder mekaar om te wys wie moet diens doen om dit meer regverdig uit te deel | Maandeliks | Johan, Baanoffissiere, Raad |
| | | | | | |
| 10 | **Baansport Reëls:** | Elke Raadslid het die baansport reëls ontvang om deur te | Lees deur die reëls en kyk vir foute, tye | 1 Maand | Raad, Kantoordames |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | gaan. | of dit reg is, ens. Gee dit so spoedig terug aan die kantoor indien dit reeds deur gegaan- en reg stel. | | |
| **11** | **Baanoffissiere:** | Saam gevat met punt 8. Vergoeding van Baanoffissiere - Vouchers moet op gevolg word. Braam het voor gestel vir beter vergoeding vir Baanoffissiere en Kombuisdames omdat hulle hul brandstof spesiaal uitry en nie eens kans kry om op die dag te kan skiet nie. | Die kantoordames moet opvolg met Baanoffissiere na die skiet op 'n Maandag om hul vouchers te kom haal. Voorstel is gesteun vir R200 per Baanoffissier en Kombuisdame as vergoeding. | Onmiddelik en na elke Klubskiet | Kantoordames, Johan, Raad. |
| **12** | **Akkreditase SCI:** | Opvolg by SCI oor akkreditasie vir klub self. | Kantoordames moet spoedig as moontlik weer epos stuur aan SCI oor terugvoering oor klub se eie akkreditasie, kostes ens. Sal terugvoer verwag sodra kantoor iets hoor. | Terugvoer soos ontvang van SCI | Kantoordames, Herman, Raad |
| **13** | **Versekering:** | Herman en Francois moet opvolg oor versekering. Voorstel is gemaak om lede te vra wat versekering het, om hul eie Aanspreeklikheidsdekking in orde te hê. | Geen versekerings maatskappy wil meer Aanspreeklikheidsdekking gee nie, omdat dit 'n hoë risiko dekking is. Kennisgewing borde moet oral op die baan op gesit word dat hulle die area betreë op eie risiko. Groot bord moet by ingang by hoofpad ook op gesit word om te verseker dat lede dit van die begin af kan sien en kennis neem. | Binne die volgende maand | Herman, Dries, Kantoordames |
| **14** | **Finovest:** | SARS het vroeër jare se state aan gevra. Daar is 'n boete uitstaande en beloop rente. Finovest is besig om alles uit te sorteer. | Kleinkas - R23 250,19, hou kontant tans uit vir jagkampioenskappe. Lopende Rekening - R100 000. Spaar Rekening R741 000. Besluit is geneem om vanaf 2017 - 2024 state deur te gaan en reg te kry, deur te gee na SARS. Boekhouer is aan gestel om dit deur te gaan en reg te kry vir SARS. Boekhouer gaan saak met | 6 maande / tot terugvoer gekry is. | Francois, Herman, Kantoordames, Boekhouer |
| **15** | **4 Gun Shoot:** | Beraming van 4 Gun Shoot. Beoog om 80 spanne in te kan | Nuwe bedrae vir pryse is reeds deur | 2 maande | Raad, Kantoordames, |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | skryf. Almal wat vorige jare geskiet het, moet weer genooi word. | gegee. Advertensie moet opdatteer word om noual begin uit te stuur. Budget moet uiteengesit word, baanoffissiere moet vergoed word vir die dag. Baanoffissiere se name moet ook vir trekkings in gehou word. Apparte vergadering sal gehou word vir verdere en finale reëlings. | voor 4 gun shoot | Dries en Doreen, |
| **16** | **Funshoot/Nagskiet/Boslaan:** | 8 Junie gaan eerste fun shoot gehou word. Nagskiet was baie suksesvol. Boslaan moet weer gereël word. | Reëlings moet getref word, advertensie op gestel word vir die funshoot dag en baanoffissiere moet vroegtydig gereël word. | 1 Junie vir Funshoot dag | Raad, Johan, Brenda, Kantoordames |
| **17** | **Vergadering van Mei en Mei Klubskiet:** | 2de Mei se vergadering moet geskuif word as daar oop datums is. Klubskiet van 4 Mei moet verskuif word. | 2de Mei se vergadering is afgestel weens geen spasie later. 4 Mei Klubskiet is verskuif na 25 Mei. 1 Junie baan gesluit agv 4x4 Dag. | 22-Apr | Raad, Kantoordames. |
| **18** | **Beoordelaars kursus/Alle kursus materiaal:** | Daar is materiaal op die web beskikbaar. Kurusse gaan op gestel word vir alle afdelings. | Herman gaan deur materiaal gaan en regmaak waar nodig. Alle Raadslede wat koördineerders is van hul afdeling gaan 'n vraestel opstel vir die kursus. Alle afdelings gaan gesamentlik. Sal reël vir so spoedig as moontlik. | Einde April-Einde Mei | Koördineerders van elke afdeling, Herman, Raad |
| **19** | **Mosie oor Vergadering:** | Francois wou dieselfde punt lig as Braam. | Punt 3 is afgehandel. Sien Punt 3. | Sien punt 3 | Sien punt 3 |
| **20** | **Raad Hemde:** | Kwotasies is deur gegee en mates is gekry. | Hoor by Odyssey Apparrel of hulle 'n sample hemp kan maak, wat die bedrag gaan wees en hoor of raad tevrede sal wees oor kwaliteit. | Einde April | Johan, Raad |
| **21** | **Jan Swart - Kleie** | Johan Swart gaan vir operasie, moet daar ekstra kleie ens gebring word as hy afkom? | Charl het kontak vir goedkoper kleie. Kan dit ook bring as Johan nie andersins kan nie. | Soos nodig kommunikeer | Herman, Braam, Charl, Kantoor |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 22 | **Langafstand Baan se veiligheid:** | Sit paal met kettings op aan linkerkant van langafstand baan. Beperk alle voertuie om slegs regs by die baan af te gaan sodat daar gesien word wanneer 'n voertuig af beweeg. | Finaliseer paal/ketting. Reël 00r regs bly treë dadelik in werking. Microphone/ligte is beskibaar, gebruik saam met die reël. As een skut ry, gee oor na volgende skut. | Onmiddelik | Herman, Dries |
| 23 | **Dalene - Ekstra vergoeding** | SP het voorstel gemaak om Dalene ekstra te vergoed met oortyd wat sy in gesit het om take te verrig en finaliseer terwyl Melanie op siek verlof was. | Francois het reeds dit op homself gevat om vir Dalene haar oortyd te betaal as vergoeding vir haar tyd. | Afgehandel | Francois |
| 24 | **Teikens vir Toegewyde Lede** | Daar is gesê dat FOSA se teikens geprint sou word, wie behartig dit? | Herman het Braam gevra om kantoordames te sê om dit te print en baan toe te neem, Braam behartig dit. | 22-Apr | Braam, Herman, Kantoordames |
| 25 | **Hein en Brenda se Posisies in Raad:** | Advertensie moet opgestel word vir die posisie van Media koördineerder vir Web/Facebookblad en ook vir Opleidingsbeampte. | Daar moet verduidelik word aan lede waarom die posisies beskikbaar is - weens verhuising, verpligtinge moet op advertensie staan en so spoedig as moontlik adverteer word. | Een Maand | SP, Carmen, Raad |
| 26 | **Lys van Opbetaalde/Onopbetaalde Lede:** | Herman het met die voorstel gekom dat elke Raadslid 'n lys van ten minste 10 onopbetaalde lede moet kry en deurwerk. Daar is tans 133 onopbetaalde lede en 200 expired dedicated shooters. | Elke Raadslid moet ten minste 10 lede kontak en hoor waarom hul nie opbetaad is nie/ hulle kontakbesonderhede verander het. Motiveer om weer te betaal en opbetaalde lid te word. | 1 maand vanaf lyste ontvang is terugvoer gee. | Kantoordames, Raad |
| | | | | | |
| 27 | Herman sluit af met gebed en bedank Raad vir hul tyd wat af gestaan is. Raad verdaag. | | | | |